LitNet Akademies Jaargang 21, Nommer 1, 2024, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n1b10

# ’n Mislukte kompromie? Die 1996-Grondwet onder spanning van die Nasionale Demokratiese Rewolusie

**Paul Maritz**

Paul Maritz, onafhanklike navorser

***Opsomming***

’n Reeks krisisse in die tweede helfte van die 1980’s het die Nasionale Party (NP) en die African National Congress (ANC) na die onderhandelingstafel gedwing. Die resultaat van hierdie onderhandeling was die 1996-Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Hierdie Grondwet is nie net ’n stuk wetgewing nie, maar die resultaat van ’n kompromie tussen partye wat wesenlik verskillende opvattings oor Suid-Afrika gehad het. Siende dat die Grondwet op sleutelpunte ver van die ANC se interne ideologiese kompas, die Nasionale Demokratiese Rewolusie (NDR), verwyderd is, is daar noodwendig spanning tussen die Grondwet en die NDR.

Hierdie artikel ondersoek die spanning tussen die waardes wat onderskeidelik die Grondwet en die NDR onderlê, om daardeur die volhoubaarheid of mislukking van die kompromie aan die hart van Suid-Afrika se politiek te toets. Deur politieke kompromie, die 1996-Grondwet en die NDR te ontleed, word die karakter en waardes van hierdie politieke fenomene bepaal, waarna diepliggende spanning tussen die 1996-Grondwet en die NDR uitgewys word. Deur na hedendaagse politieke gebeure te kyk, word die tersaaklikheid en voorkeur van vandag se politici nagespeur. Uiteindelik word die gevolgtrekking gemaak dat hierdie spanning die waarde van die 1996-Grondwet as kompromiedokument wesenlik bedreig.

**Trefwoorde:** 1996-Grondwet; African National Congress (ANC); Economic Freedom Fighters (EFF); Nasionale Demokratiese Rewolusie (NDR); Nasionale Party (NP)

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n1b10

***Abstract***

**A failed compromise? The 1996 Constitution under the strain of the National Democratic Revolution**

Regarding the decision of the National Party (NP) and the African National Congress (ANC) to come to the negotiating table at the end of the 1980s, Battersby (1993) writes: "A compromise agreement on coalition government stems from a recognition by the African National Congress that it has failed to topple the white regime by force and the government's realization that it can no longer rule alone." Increasing international and local pressure on the NP, coupled with the capitulation of the primary funder on the ANC's side, placed both parties in a situation where negotiation made more sense than any other alternative. The main outcomes of these negotiations, involving various groups and parties besides the NP and ANC, were the 1993 Interim Constitution, the first democratic election of 1994, and the 1996 Constitution. The outgoing government placed a high premium on the process and outcome of this grand compromise, considering the results as a guarantee for long-term peace and security. For the ANC and its allies, however, it was not all that clear cut.

Although the 1996 Constitution was the result of multiparty discussions, with the ANC playing a central role in its drafting and acceptance, some principles central to this Constitution and the entire process of compromise were in direct opposition to the principles of the ANC's internal ideological belief, known since at least 1969 as the National Democratic Revolution (NDR). Marsh and Stoker (2010:10) point out that political sciences, like other social sciences, involve exploratory action to understand rather than seeking causal and repeatable results through experimentation. This article has a reflective nature, and aims to comprehend South African politics at the level of base values. Methodologically, a literature study has been conducted, whereby statements from politicians and negotiators involved in the development of the 1996 Constitution and the National Democratic Revolution were used as primary sources. This literature study aims to produce three extensive conceptualizations, making this exploratory study both an independent, standalone article and a starting point for further study of, among other things, the influence of the work of Lenin on Joe Slovo and other ANC/SACP members. Secondary sources analysing international and South African politics over the past century will subsequently be used to evaluate and illuminate these primary sources.

The values on which the Constitution and NDR have respectively been built, where they are clearly evident and obviously unambiguous, have been drawn from these primary sources, while the analysis builds on what has already been published about them. These values are tested from various angles, with as much political balance as the sources allow. Ultimately, these values become part of the descriptions presented.

The article aims to answer the overarching question of whether the political compromise on which South Africa has up to now been built, is failing – this question comprises both the question and goal of the research. In order to reach a fair and just conclusion, it must first be determined what political compromise is and whether the 1996 Constitution is in fact the product of political compromise. Once this has been presented and defended, the next task of the research is to indicate that tension is in fact acting on this compromise, tension that has the NDR as fountainhead. Finally it will be argued that the political compromise is faltering under the identified tension, in this case, the NDR.

As confusion often occurs at the conceptual level, the main thrust of this article is devoted to the conceptualization of *political compromise*, to demonstrate when such a compromise has failed, followed by extensive analyses of the NDR and the 1996 Constitution.

With regards to its findings, after having undertaken the abovementioned conceptualisation and argumentation, the article argues that the National Democratic Revolution (NDR) can sometimes make temporary concessions without losing sight of its ultimate goal. Such temporary concessions are part and parcel of the Leninist approach of measuring the resistance and reacting to the prevalent balance of power. The role of the African National Congress (ANC), guided by the NDR, is shown to have become vanguard, meaning that it seeks to advance the revolution rather than assume the role of a government when the two options are in conflict. By referring to practical examples, it is argued that the agreed-upon principles of compromise, and the Constitution that resulted from it, are often abandoned when in conflict with the aspirations of the revolution.

In conclusion it is argued that the compromise at the base of the South African democratic project is flawed. To facilitate a mostly peaceful transition from the apartheid system to a democratic South Africa, a compromise was reached during a preceding negotiation process. This compromise took the form of a list of principles – agreed-upon values upon which consensus was reached. The principles agreed upon during this compromise became the foundation upon which order in a democratic South Africa would be built. The central question this article grapples with is the state of the political compromise, and consequently, the state of these principles in the South African political arena. The assumption being tested is that the ANC alliance is primarily guided by the idea of the National Democratic Revolution and that the agreed-upon principles are abandoned when in tension with the NDR. By examining the development and character of both the NDR and the 1996 Constitution, examples of inherent tension could be identified. It is further demonstrated that in cases of such tension, the ANC alliance prioritizes the NDR over the principles of compromise embodied in the Constitution.

These findings imply that order largely rests on a Constitution that is not the primary guiding directive for those who must implement it. The implication is that the integrity of the compromise is fundamentally flawed because the values that should serve as the fulcrum of the compromise continually, as demonstrated, succumb to other values. These values engage with society in a revolutionary manner, and the mechanisms of government are employed to imprint these revolutionary values onto the state.

**Keywords:** 1996 Constitution; African National Congress (ANC); Economic Freedom Fighters (EFF); National Democratic Revolution (NDR); National Party (NP)

## 1. Inleiding[1]

Oor die Nasionale Party (NP) en die African National Congress (ANC) se besluit om aan die einde van die 1980's na die onderhandelingstafel te tree, skryf Battersby (1993): "A compromise agreement on coalition government stems from a recognition by the African National Congress that it has failed to topple the white regime by force and the government's realization that it can no longer rule alone."

Toenemende internasionale en plaaslike druk aan die kant van die NP, en die kapitulasie van die primêre befondser aan die kant van die ANC, het beide partye in ’n situasie geplaas waar onderhandeling meer sin gemaak het as enige ander alternatief. Hierdie onderhandelings, wat benewens die NP en ANC nog heelwat ander groepe en partye ingesluit het, se belangrikste uitkomste was die 1993- Interim Grondwet, die eerste demokratiese verkiesing van 1994, en die 1996-Grondwet. Die uittredende regering het ’n baie hoë premie op die proses en uitkoms van hierdie grootse kompromie geplaas, en die resultate van die kompromie is as waarborg vir langtermynvrede en -veiligheid beskou. Vir die ANC en sy bondgenote was dit egter nie so eenvoudig nie.

Alhoewel die 1996-Grondwet die resultaat van veelpartysamesprekings was, en alhoewel die ANC midde-in die opstel en aanvaarding daarvan was, is sommige beginsels wat die kern van hierdie Grondwet, maar ook van die hele proses van kompromie was, reëlreg in teenstand met die beginsels van die ANC se interne ideologiese oortuiging, ’n oortuiging wat sedert 1969 bekendstaan as die Nasionale Demokratiese Rewolusie (NDR).

Marsh en Stoker (2010:10) wys daarop dat die politieke wetenskap, soos ander geesteswetenskappe, ondersoekend handel ten einde te verstaan eerder as om deur eksperimentering na kousale en herhaalbare resultate te soek. Hierdie artikel is ’n beskouende artikel, wat die Suid-Afrikaanse politiek op die vlak van waardes wil verstaan. Metodologies word ’n literatuurstudie in hierdie artikel onderneem, waartydens uitsprake van politici en onderhandelaars wat by die ontwikkeling van die 1996-Grondwet en die Nasionale Demokratiese Rewolusie betrokke was en is, as primêre bronne hanteer word. Hierdie literatuurstudie vind uiting in drie uitgebreide konseptualiserings, wat hierdie verkennende studie tegelykertyd ’n onafhanklike en selfstandige artikel, maar ook ’n vertrekpunt vir verdere studie maak. Sekondêre bronne wat die internasionale en Suid-Afrikaanse politiek oor die afgelope eeu ontleed het, sal vervolgens aangewend word om hierdie primêre bronne te beoordeel en by nabaat toe te lig.

Die waardes waarop die Grondwet en NDR onderskeidelik gebou is word, waar dit ooglopend en ondubbelsinnig na vore kom, uit hierdie primêre bronne geput, terwyl die ontleding bou op dit wat reeds daaroor gepubliseer is. Hierdie waardes word uit verskeie hoeke getoets, dus met soveel politieke balans as wat die bronne toelaat. Uiteindelik vorm hierdie waardes dan deel van die omskrywings wat daarvan aangebied word.

Hierdie artikel poog om die oorkoepelende vraag te beantwoord of die politieke kompromie waarop Suid-Afrika gebou is besig is om te misluk – dit is die sentrale vraag en sentrale doel. Om hierdie vraag te beantwoord moet eers bepaal word wat politieke kompromie is, en of die 1996-Grondwet die produk van politieke kompromie is. Sou hierdie punte aangetoon kon word, moet aangetoon word watter spanning op hierdie kompromie inwerk, met die uiteindelike beoordeling of die politieke kompromie besig is om te swig onder die geïdentifiseerde spanning, in hierdie geval die NDR.

Omdat verwarring dikwels op konseptuele vlak plaasvind, word die grootste deel van hierdie artikel gewy aan die konseptualisering van politieke kompromie, ten einde aan te toon wanneer so ’n kompromie misluk het, waarna uitgebreide ontledings van die NDR en die 1996-Grondwet ontwikkel word. Vervolgens word aangetoon dat die ANC nooit sy rewolusionêre ideologie laat vaar het nie, en dat hierdie ideologie in spanning met die beginsels van beide die kompromieproses en die kompromiedokument, die 1996-Grondwet, verkeer. Alhoewel hierdie konseptualiserings as’t ware op sigself reeds duidelik sal stel waar die 1996-Grondwet en NDR se

waardes van mekaar verskil, word daar na afloop van hierdie konseptualisering aangetoon dat die ANC se herhaalde keuses ten gunste van die NDR en ten koste van die 1996-Grondwet tans dreig om die proses en resultaat van die kompromie te laat misluk. In hierdie artikel gaan dit oor die konflik tussen idees, met praktiese toepassing wat slegs ter sprake sal kom waar dit die ideologiese basis van die party of persoon duidelik maak.

## 2. Konseptualisering

Ten einde die hipotese te verdedig dat die spanning tussen die Nasionale Demokratiese Rewolusie en die 1996-Grondwet uitloop op ’n mislukte kompromie is dit nodig om duidelikheid te skep oor wat presies bedoel word met die term *kompromie*, asook hoe die Nasionale Demokratiese Rewolusie en die 1996-Grondwet verstaan word. Hierdie konseptualisering moet noodwendig ’n uitgebreide en, selfs belangriker, regverdige karakterisering daarstel, ten einde hierdie begrippe tydens latere redenering effektief te kan aanwend.

### *2.1 Kompromie*

*Kompromie* word vir die doeleindes van hierdie artikel as politieke kompromie verstaan, dus kompromie soos dit in ’n politieke konteks toegepas word. Omdat die sentrale fokus van hierdie artikel op die mislukking van kompromie val, is dit nodig om benewens ’n konseptualisering van kompromie ook aan te toon wanneer ’n politieke kompromie misluk het. Hierdie benadering sal dan ’n wetenskaplike maatstaf skep waarmee Suid-Afrika se oorgang na demokrasie as kompromie beskryf kan word, en waarmee die sukses of mislukking daarvan, na bykans 30 jaar van toepassing, gemeet kan word.

#### *2.1.1 Die ontstaan van politieke kompromie*

Die filosoof Aristoteles (1926) kategoriseer *politiek* (*politikē*), die bestuur van die stad, as praktiese kennis (*phronēsis*) eerder as teoretiese kennis (*epistēmē*). Hy glo dat politiek met die alledaagse handel en prakties poog om die beste vir die gemeenskap daar te stel. Dit behels onder meer die neem van besluite en optrede op die gebied van regering en sosiale organisasie (Aristoteles 1928:12). Waar die idee van die ideale stad (*polis*) deur middel van filosofie ontdek kan word, is die dag-tot-dag-bestuur van die stad in die strewe na hierdie ideaal dan praktiese kennis, wat in stede van suiwer intellektuele strewe ook ’n mate van tegniek verg.[2]

Die woord *kompromie* verklap ook in die samestelling daarvan ’n diep verbintenis met die praktyk. Die Latynse *compromittere*, waarvan die moderne woord afstam, kan ontleed word deur die drie dele van die oorspronklike afsonderlik te oorweeg: *com*, *pro* en *mittere*, wat onderskeidelik vertaal kan word met “saam”, “vooraf” en “loslaat”.[3] *Mittere* is ook die etimologiese oorsprong van “missie”, wat bydra tot die gedagte van kompromie as ’n missie wat gesamentlik onderneem word. Die Iers-Britse staatsman Edmund Burke, dikwels beskou as een van die invloedrykste bronne van moderne Westerse politieke denke, beaam Aristoteles se beskouing van kompromie as deel van die praktiese wetenskap wanneer hy op 22 Maart 1775 in ’n toespraak aan die Britse parlement voorstel: “All government, indeed every human benefit and enjoyment, every virtue, and every prudent act, is founded on compromise and barter” (Burke 1887:40). So kan kompromie dan as een van die instrumente in die hand van die politikus beskou word.

Ten spyte van sy diep historiese wortels is die idee van kompromie nie vergete of argaïes nie. Na afloop van die Sesdaagse Oorlog tussen Israel en verskeie van sy buurlande in 1967, het navorsing en die hoeveelheid akademiese literatuur oor die tema duidelik toegeneem. Martin Golding, ’n Joods-Amerikaanse akademikus, wat in 1971 as navorsingsgenoot aan die Bar-Ilan Universiteit in Israel gewerk het, se 1979-artikel, "The nature of compromise: A preliminary enquiry", word deur baie hedendaagse denkers as beginpunt vir moderne studie oor die onderwerp beskou.[4] Golding lei in hierdie artikel die waarde van politieke kompromie bo die waarde van geweld in. Hy motiveer ook die idee van morele waardes tydens die proses van politieke kompromie, en meld dat albei partye met bepaalde verwagtings na die tafel kom, bewus daarvan dat hulle nie alles gaan kry wat hulle vra nie, maar ook bewus van die opofferings van die teenstanders.

Die val van kommunisme en die Ystergordyn in 1989 was ’n belangrike keerpunt in politieke studie as vakgebied, en derhalwe ook in die ontwikkeling van politieke kompromie as tema en as instrument (Shapiro 2019). Waar kompromie as oplossing aangewend is, soos in Suid-Afrika, kon nuwe ordes sonder geweld ingelei word. Ander lande, soos die voormalige Joego-slawië, kon orde eers na afloop van baie geweld en vernietiging daarstel.

Kompromie is natuurlik nie sonder kritici nie, met sommiges wat opmerk dat dit soms ’n rookskerm kan wees waaragter dieper kwessies tydelik verdoesel word. In 2017 skryf Ruser en Machin in hul boek *Against political compromise*: "[C]ompromise can disguise inequality, reduce plurality and heighten uncertainty. In short, compromise can weaken democracy and must not be seen as some sort of political panacea."[5] ’n Verdere, en vir die doeleindes van hierdie artikel belangriker punt van kritiek, is dat dit dikwels ’n tydelike oplossing is, al glo sommige partye aanvanklik dat die kompromie langdurig is, en sigself op die een of ander manier kan waarborg.

Omdat kompromie sentraal tot orde in Suid-Afrika staan, en omdat hierdie artikel uiteindelik wil aandui dat ’n kompromie besig is om te misluk, moet die tekortkomings en risiko’s wat daaraan verbonde is, verstaan word. Daar moet ook aangedui word onder watter omstandighede ’n kompromie misluk. Die Israeliese navorser Avishai Margalit se boek *On compromise and rotten compromises*, wat in 2009 verskyn het, is hier van toepassing. Hy skep in hierdie boek ’n maatstaf waarmee kompromie ontleed en beoordeel kan word.

### *2.1.2 Die verval van politieke kompromie*

Margalit (2009:43) identifiseer drie tipes kompromie: "sanguine, anemic, rotten", wat vertaal kan word as "heelhartig, gewoon, verrot". ’n Heelhartige kompromie, wat ook die mees volhoubare is, is in beginsel ’n goeie ooreenkoms, maar daar is ook volle wedersydse erkenning van mekaar deur die betrokke partye, en dit kan selfs wees dat die erkenning van die ander se standpunt lei tot die kompromie (Margalit 2009:41).

Rostbøll (2017) identifiseer respek as die sentrale waarde in ’n proses van kompromie, en verklaar dat onderhandelaars se respek of disrespek nie net teenoor die opponerende onderhandelaar is nie, maar teenoor die bevolkingsgroep wat deur hulle verteenwoordig word. Bellamy, Kornprobst en Reh (2012) loof die idee van kompromie juis omdat dit "equal concern and respect" aan alle politieke opponente bied (2012:280). In die werk van Bird (1996:92) word selfs voorgestel dat alle kompromie uit die idee van wedersydse respek groei. Rostbøll (2017) stel voor dat die respek wat tydens ’n proses van kompromie, en in die uiteindelike ooreenkoms,

teenwoordig moet wees, ’n demokratiese respek moet wees, dus dat verskillende partye mekaar as mederegeerders aansien. Die resultaat hiervan is dat die kompromie nie probeer om verskille tussen groepe uit te wis nie, maar om hierdie verskille deel van die politieke besluitneming te maak. Soos wat in afdeling 2.3 aangedui sal word, is so ’n benadering in Suid-Afrika gevolg toe die 34 beginsels bepaal is waarvolgens die Grondwet uiteindelik opgestel is.

Daar is reeds opgemerk dat kompromie opoffering behels, in die vorm van toegewings wat gemaak word. Margalit (2009:77) motiveer sy voorbeeld van ’n “sanguine” of “heelhartige” kompromie aan die hand van die sogenaamde “Historiese Kompromie” (Compromesso Storico) wat in die 1970’s tussen die Christelik Nasionale Party en die Kommunistiese Party in Italië gesmee is. Hierdie historiese kompromie het nie verwys na ’n tydelike ordereëling nie, maar ’n totale nuwe ideologiese rigting vir die Kommunistiese Party in Italië. Van groot belang vir die fokus van hierdie artikel is Margalit se gevolgtrekking dat daar geen plek vir so ’n historiese kompromie in ’n rewolusionêre ideologie kan wees nie. Hy gaan verder en verklaar uitdruklik dat ’n rewolusionêre party wat deel word van ’n langtermynkompromie op die wesenlike idee van rewolusie moet kompromitteer.

Margalit (2009) se tese moet natuurlik ook in die teenoorgestelde rigting verstaan word. As ’n rewolusionêre ideologie fundamenteel verlaat moet word om ’n heelhartige kompromie te bereik, dan kan so ’n kompromie nie bereik word waar ’n rewolusionêre ideologie steeds een party se denke lei nie. Ter bevestiging hiervan skryf Bellamy en Reh (2012:282) dat ’n party wat later, dus nadat die kompromie afgehandel is, terugbeweeg na sy aanvanklike ideologiese posisie toe, nooit regtig die toegewing gemaak het wat voorgehou is nie. Die impak daarvan as ’n sleuteltoegewing by nabaat herroep word, kan natuurlik katastrofies wees – hieroor word in afdeling 4 verdere ontleding en praktiese voorbeelde aangebied.

’n Politieke kompromie sou aan die hand van hierdie argument misluk as een van die partye terugkeer na die rewolusionêre ideologiese posisie wat hy tydens onderhandelinge laat vaar het, of as dit sou blyk dat hierdie party nooit werklik van hierdie posisie afstand gedoen het nie.

#### *2.1.3 Konseptuele sintese van politieke kompromie*

Kompromie word aan die hand van die bostaande bespreking vir die res van hierdie artikel verstaan en toegepas as die proses waartydens twee of meer partye in onderhandeling tree en toegewings uitruil totdat ’n bepaalde konsensus bereik word. Beide die proses en resultaat vorm deel van die kompromie. Na afloop hiervan word ’n formele dokument of formele kompromie opgestel, wat vir sy sukses en volhoubaarheid afhanklik is van die deelnemende partye se voortgesette toewyding aan die toegewings wat gemaak is. Hierdie toegewings is nie net fisies nie, maar ook ideologies, bedoelend dat die volhoubaarheid van kompromie vereis dat dreigende ideologiese posisies wat tydens onderhandeling verlaat is nie weer betree word nie.

### *2.2 Nasionale Demokratiese Rewolusie*

Kategories is die *Nasionale Demokratiese Rewolusie* uiteraard in die eerste plek ’n tipe rewolusie, wat voorskryf dat rewolusie as fenomeen verstaan moet word. Om die byvoeglike naamwoorde “nasionale” en “demokratiese” afsonderlik te ontleed en na dese die drie begrippe se ontledings te probeer versmelt sou verontagsaam dat die subkategorie *Nasionale Demokratiese Rewolusie* al vir bykans ’n eeu in hierdie vorm toegepas word. Omdat die begrip deur die ANC en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) binne die konteks van wêreldwye Marxisme-Leninisme

gebruik word, moet dit binne hierdie konteks ontleed word. Metodologies skryf dit dus voor dat die kenmerke van rewolusie oorhoofs aangetoon word, waarna Nasionale Demokratiese Rewolusie as spesifieke subkategorie histories nagevolg word, eers internasionaal en daarna met betrekking tot politiek in Suid-Afrika.

*2.2.1 Rewolusie*

*Rewolusie* stam van die Latynse *revolutio* af, wat ’n nominalisering van die werkwoord *revolvere* is. Hierdie werkwoord, wat direk vertaal beteken “om terug te rol” of “om in die rondte te rol” is ’n samestelling van die voorsetsel *re* wat tipies herhaling of terugkeer aantoon, en *volvere*, “om te rol”. Dit gaan dus hier oor omwenteling.

Edmund Burke, na wie reeds in die afdeling oor kompromie verwys is, se *Reflections on the revolution in France*, wat in 1790 verskyn het, word as een van die belangrikste ontledings van rewolusie gehuldig. Burke sien ten minste twee elemente in ’n rewolusie: die eerste is ’n politieke omwenteling, en die tweede, wat dikwels by ontleding verontagsaam word, is ’n morele omwenteling. Oor die eerste kenmerk skryf hy (1790:54): “In France, you are now in the crisis of a revolution and in the transit from one form of government to another.” ’n Rewolusie is egter vir Burke nie net die oorgang van een regeringsvorm na ’n ander nie, dit gaan noodwendig met ondergrawing van die eerste vorm gepaard: “To make a revolution is to subvert the ancient state of our country; and no common reasons are called for to justify so violent a proceeding.” Sy waardeoordeel vir eers opsy gesit, wys Burke uit dat die bestaande orde ondergrawe word, en dat dit met geweld gepaardgaan.

Ondanks hierdie politieke omwenteling is dit vir Burke van uiterste belang dat sy leser dieper kyk as net die politieke omwenteling wat plaasvind. Hy (1790:55) sien in die Franse Rewolusie nie net ’n aanval op die koning nie, maar op die norme en waardes van Frankryk tot en met die begin van die rewolusie:

> When ancient opinions and rules of life are taken away, the loss cannot possibly be estimated. From that moment we have no compass to govern us; nor can we know distinctly to what port we steer. Europe, undoubtedly, taken in a mass, was in a flourishing condition the day on which your revolution was completed.

Burke sien dus in ’n rewolusie nie net ’n fundamentele verandering van rigting nie, maar ’n verlies van rigting, soos dié van ’n boot wat skielik nie meer weet na watter hawe om te vaar nie. Die tradisionele ankerpunte word afgesê.

’n Meer moderne definisie word deur die politieke wetenskaplike Samuel Huntington (1968:264) aangebied, wat rewolusie verstaan as “(a) rapid fundamental and violent domestic change in the dominant values and myths of society, in its political institutions and social structure, leadership and government activity and policies”. Hier word die gedagtes van sowel politieke as morele omwenteling soos Burke dit sien ook aangetoon. Huntington se besluit om die bywoord “rapid” by sy definisie in te sluit verklap, soos hier onder bespreek word, ’n klassieke begrip van rewolusie, wat onderskei kan word van langdurige rewolusionêre prosesse. Die Britse filosoof Roger Scruton (2007:613) erken toenemende kompleksiteit met betrekking tot ’n definisie, en beskryf rewolusie derhalwe so:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n1b10

> [I]t seems to mean any major transformation that occurs simultaneously on the social and the political level, upsetting expectations and conformities that were sufficiently well established to define all important forms of association under the preceding order.

By Scruton (2007:614) kom die belangrike onderskeid tussen die Marxistiese en Leninistiese begrippe van rewolusie, wat ook by Duvenhage (2009) in die Suid-Afrikaanse konteks van groot belang is, duidelik na vore. Vir Karl Marx, wat meer filosofies en teoreties werk, verwys rewolusie na snelle oorname van politieke mag, maar vir Vladimir Lenin, die leier van die Russiese rewolusie, en derhalwe ’n “doener” van rewolusie meer as wat hy ’n “denker” daarvan was, verstaan rewolusie as ’n stadiger oorname, eers van sosiale mag, waarna politieke mag later sal volg. Mense moet dus eers in massas gemobiliseer word alvorens politieke mag bekom kan word. Hierdie onderskeid is veral vir die gevallestudie van Suid-Afrika belangrik, omdat sowel Marx as Lenin se denke vormend vir die ANC is.[6] Ten einde rewolusie in Suid-Afrika te verstaan is ’n vergelyking van klassieke rewolusie, soos Marx dit verstaan, met rewolusionêre oorlogvoering by Lenin, nodig.

*2.2.2 Klassieke rewolusie en rewolusionêre oorlogvoering*

Die klassieke rewolusie begin met ’n omverwerping van die bestaande orde (Duvenhage 2009:709), waarna die nuwe orde daargestel word. Hierdie beskouing van rewolusie kom in die *Communist manifesto* van Marx en Engels (2010:48) na vore as hul idee daarvan:

> The Communist revolution is the most radical rupture with traditional property relations; no wonder that its development involved the most radical rupture with traditional ideas. We have seen above, that the first step in the revolution by the working class is to raise the proletariat to the position of ruling class to win the battle of democracy.

Dit is duidelik dat die eerste stap vir Marx en Engels die oorname van politieke mag is. Lenin (1965a:22) neem in sy 1906-boek *Guerilla warfare* ’n ander vertrekpunt:

> The enemies of our revolution among the people are few in number, but as the struggle grows more acute they become more and more organised and receive the support of the reactionary strata of the bourgeoisie. It is therefore absolutely natural and inevitable that in such a period, a period of nation-wide political strikes, an uprising cannot assume the old form of individual acts restricted to a very short time and to a very small area. It is absolutely natural and inevitable that the uprising should assume the higher and more complex form of a prolonged civil war embracing the whole country, i.e., an armed struggle between two sections of the people.

Waar Marx in ’n sekere mate omgaan met toekomstige gebeure en ideale omstandighede, is Lenin meer realisties met betrekking tot die weerstand wat regerings geneig is om te bied teen massa-aksies, soos wat dit in die tweede helfte van die 19de eeu voor sy oë afgespeel het, gebeure wat in 1848 vir Marx ondenkbaar sou wees, omdat die rewolusies wat hy in daardie stadium geken het nie kommunisme as doel voor oë gehad het nie. Lenin besef dat die weerstand teen die rewolusie ’n snelle oorname bemoeilik, en stel ’n uitgerekte burgeroorlog as meganisme vir die omwenteling of rewolusie voor. Duvenhage (2009:710) wys daarop dat die ANC se “struggle” na 1961 toenemend die vorm van rewolusionêre oorlogvoering aangeneem het, ’n gedagte wat net versterk word wanneer die party se eie dokumente tydens sy ballingskap ontleed word.

*2.2.3 Die ontwikkeling van die Nasionale Demokratiese Rewolusie in Suid-Afrika*

Alhoewel dit nie presies so genoem word nie, kom die idee van ’n “Nasionale Demokratiese Rewolusie” vir die eerste keer na vore in ’n toespraak wat Lenin op 26 Julie 1920 tydens die Tweede Wêreldkongres van die Internasionale Kommunisme in Sint Petersburg gelewer het. Lenin identifiseer die problematiek rondom die bourgeois-demokratiese beweging in “agterlike lande”, waar werkers nog nie die burgerlike klas kan oorwin nie, omdat die burgerlike klas nog besig is om die aristokrasie te oorwin. Ten einde hierdie groepe as deel van die breër beweging in te sluit, rapporteer Lenin (1965b) ’n besluit van die Sentrale Komitee: “[W]e decided that the only correct attitude was to take this distinction into account and, in nearly all cases, substitute the term ‘national-revolutionary’ for the term ‘bourgeois-democratic’.”

Alhoewel die gedagte van ’n rewolusie met sowel ’n nasionale as demokratiese aard hier vir die eerste keer so eksplisiet uitgedruk word, besef Lenin reeds vroeër dat ’n breër, stadiger beweging in sy geval nodig is, en dat hy Marx nie tot op die letter sal kan volg nie. Dit is veral sigbaar in ’n 1905-pamflet *Dve taktiki sotsial-demokratii v demokraticheskoi revoliutsii* wat in Engels vertaal is as *Two tactics of social-democracy in the democratic revolution*. Hier beskryf Lenin (1962) dieselfde problematiek as wat in sy 1920-toespraak voorkom, naamlik groepe wat ’n rewolusie na demokrasie wil onderneem, maar steeds met die breër kommunistiese beweging wil assosieer:

> The tactical slogans we have formulated in the name of the Third Congress of the Russian Social-Democratic Labour Party coincide with the slogans of the democratic-revolutionary and republican bourgeoisie [...] We intend to guide not only the proletariat, organised by the Social-Democratic Party, but also this petty bourgeoisie, which is capable of marching side by side with us.

Wat hier verwarrend en kontrasterend voorkom maak sin wanneer in ag geneem word dat heelwat kommuniste, Lenin inkluis, glo en geglo het dat demokrasie ’n tree in die rigting van kommunisme is. Om met demokrate saam te werk kan derhalwe regverdig word as deel van ’n huidige fase van die stadige rewolusie.

Vir Lenin is daar ook reeds in 1905 geen twyfel dat hierdie rewolusie op ’n nasionale vlak moet plaasvind nie; hy benadruk in dieselfde artikel dat dieselfde politieke slagspreuke regoor die nasie eenders moet wees, ten einde eenheid in die rewolusie behou. Vir Lenin was die Nasionale Demokratiese Rewolusie dus ’n wye en inklusiewe rewolusie, wat eerder die aard van ’n uitgerekte oorlog as ’n skielike omwenteling aanneem. Dit is hierdie idees wat na Suid-Afrika oorgevloei het.

Alhoewel die ANC reeds amptelik op 17 Desember 1949 met die aanvaarding van die *Programme of Action* sy passiewe benadering tot weerstand begin verlaat, het aanvanklike veldtogte van weerstand, veral 1952 se *Defiance Campaign* en die daaropvolgende *M-plan*, nie daarin geslaag om die massas op groot skaal te verenig nie. Mandela (1994:128) skryf hieroor in sy biografie *Long walk to freedom* dat hierdie M-plan se welslae beperk was: “[It] was instituted with only modest success and its adoption was never widespread.” In die twee dekades tussen 1949 en 1969 is die Kommunistiese Party van Suid-Afrika (CPSA) en die ANC verban, waarna ’n groot gedeelte van hierdie partye se leierskap tronkstraf moes uitdien of landuit gevlug het.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n1b10

Die spesifieke bewoording "National Democratic Revolution" kom heel waarskynlik vir die eerste keer in 1969 in die ANC se dokumentasie voor, as Joe Slovo (ANC 1969:13) in die eerste uitgawe van *Strategy and Tactics of the ANC* opmerk:

> In the last resort it is only the success of the national democratic revolution[7] which – destroying the existing social and economic relationship – will bring with it a correction of the historical injustices perpetrated against the indigenous majority and thus lay the basis for a new – and deeper – internationalist approach.

Anders as Lenin, wat die Sowjet-Unie se tipe rewolusie bloot kategoriseer nadat die inherente denkwyse eintlik al vir jare geheers het, was die Morogoro-kongres van 1969, waar Slovo se *Strategy and Tactics* vir die eerste keer gedien het, 'n keerpunt vir die ANC. Slovo verdedig en verduidelik die sukses van die stigting van uMkhonto we Sizwe in 1961, maar wat hy deur die loop van die dokument voorstel, is dat die magsbalans in die 1960's in die rewolusie se guns begin draai het en dat dit tyd is om nuut te dink en op te tree. Slovo (ANC 1969:4) stel dit só:

> We believe that given certain basic factors, both international and local, the actual beginning of armed struggle or guerrilla warfare can be made and having begun can steadily develop conditions for the future all-out war which will eventually lead to the conquest of power.

Hier bevestig Slovo dat die tyd na sy mening reg is om na 'n volgende fase oor te gaan, terwyl die aard van die stadige rewolusionêre oorlog herbevestig word. Ten spyte van 'n toename in rewolusionêre dokumente, het die ANC se pogings om politieke oorname op 'n rewolusionêre wyse te bewerkstellig eintlik eers in die 1980's momentum gekry. Die rede hiervoor is volgens Oliver Tambo, die ANC se president in daardie stadium, dat die party teen 1978 in 'n "slegte strategiese posisie" beland het, en dat die besoek aan Viëtnam, wat verskeie ANC-leiers in 1978 onderneem het, en die aanvaarding van die daaropvolgende *Green Book* nuwe insigte na vore gebring het (Jeffery 2009:25). Tambo bely dat die ANC nie verstaan het hoe om die massas te mobiliseer nie, wat die voer van 'n rewolusionêre oorlog soos dit in 1969 aanvaar is, onmoontlik gemaak het. Die *Green Book* (ANC 1979:4) bevestig self dat dit nie 'n nuwe ideologiese vertrekpunt voorstel nie, maar 'n nuwe benadering tot die praktyk.

> The Document we are submitting does not therefore claim to be a new departure in all respects from previous analytical perspectives. On certain questions it contains a re-statement of basic propositions. In regard to others, it attempts to sharpen, clarify, or emphasise some basic propositions. But in some important areas, the Document attempts to incorporate the new thinking which emerged at the Luanda[8]meeting, in particular on the vital question of mass political mobilisation and the relationship between the political and military struggle.

Om die *Green Book* dus sonder die *Strategy and Tactics*-dokument te probeer verstaan, sou belangrike gapings in die ontleding laat ontstaan. Met 'n plan vir massamobilisasie kon die ANC nou oorgaan tot aksie, en die eerste fase van die NDR kon in volle swang afskop – want so 'n uitgerekte oorlog het noodwendig verskillende fases. Slovo (SAKP 1988:13) bevestig dit as hy verklaar:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n1b10

> We do indeed see the current stage of struggle the national democratic phase as the most direct route of advance, in our particular conditions, to a second stage, socialist development. Looking even further ahead, it is valid to describe socialism itself as a major transitional stage on the road to communism.

Duvenhage (2009:725) vertolk hierdie fases as: "politieke oorgang (1983–1993), die oorgang tot politieke transformasie (1994–1997), die institusionalisering van politieke transformasie (1997–2005)". Nadat politieke mag ten volle oorgeneem is, kom die volgende fase, waartydens die rewolusionêre groepering poog om beheer van produksiefaktore oor te neem, 'n tendens wat tans sigbaar is in doelwitte soos onteiening sonder vergoeding en grootskaalse rasgedrewe wetgewing (Duvenhage 2023).

In 1988 noem Slovo (1988:30) die uiteindelike doelwit op die naam: kommunisme. Vroeër, voordat die ANC verban is, word die uiteindelike strewes nie in terme van 'n ideologie uitgedruk nie, maar in terme van 'n utopiese beeld. Hierdie toekomsbeeld kom vir die eerste keer voor in die *Freedom Charter* van 1955, en alhoewel hiérdie manifes 'n visie vir Suid-Afrika uitstip, verklap dit nie hoe so 'n realiteit daargestel gaan word nie – die karakter van die rewolusie moet elders gesoek word.

Tydens dieselfde Morogoro-kongres waar Slovo die *Strategy and Tactics*-dokument bekendgestel het, is 'n dokument deur Joe Matthews voorgehou en aanvaar wat die *Freedom Charter* interpreteer, en die strewes van die rewolusie duidelik uitstip. Hierdie dokument (ANC 1969b:3), *The Freedom Charter Revolutionary Programme of the ANC*, verklaar dat die rewolusie "a declaration of all the people of South Africa" is – dit eis dus universaliteit. Die doelwit van die rewolusie met betrekking tot die destydse regering in 1969 is: "In its place the ANC will establish a democratic State along the lines indicated in the Freedom Charter". Matthews (ANC 1969b:4) maak dan 'n stelling wat histories van groot belang is, as hy sê:

> What we believe is that the Charter may require elaboration of its revolutionary message. But what is even more meaningful, it requires to be achieved and put into practice. This cannot be done until State power has been seized from the fascist South African government and transferred to the revolutionary forces led by the ANC.

Vir Matthews en sy medestryders kom die rewolusie nie tot 'n einde wanneer staatsmag bekom is nie; inteendeel, die "ware" rewolusie begin eers sodra staatsmag bekom is. Hierdie verklaring bevestig die idee van 'n rewolusie in fases waarna hier bo verwys is, en dat die rewolusionêre strewe nie prysgegee word nadat politieke mag bekom is nie. Alhoewel die voorwoord van die *Freedom Charter* (Departement van Onderwys:2005) verklaar "only a democratic state, based on the will of all the people, can secure to all their birthright without distinction of colour", blyk dit alreeds uit Matthews se interpretasie dat dit eerder 'n sosialistiese staat is wat nagejaag moet word. Hierdie sentiment kom veral na vore in die opmerkings onder die derde punt, naamlik "The People Shall Share in the Country's Wealth!", wat Matthews verklaar as: "An ANC government shall restore the wealth of our country, the heritage of all South Africans to the people as a whole. The mineral wealth beneath the soil, the banks and monopoly industry shall be transferred to the ownership of the people as a whole."

Daar kan geen twyfel wees dat een van die rewolusie se doelwitte die afskaffing van privaateienaarskap is nie. Hierdie gedagte van absolute ekonomiese gelykheid as doelwit kom selfs sterker na vore in 'n pamflet wat in 1988 deur Joe Slovo gepubliseer is onder die titel *The South*

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n1b10

*African Working Class and the National Democratic Revolution*. Slovo (1988:3) verklaar, rakende verskillende ekonomiese klasse: "When we exhort our working class to devote its main energies (in alliance with the other nationally oppressed classes) to the immediate task of winning national liberation, we are certainly not diluting the class struggle or retreating from it." En later (Slovo 1988:4): "In the words of Lenin, answering critics of Bolshevik policy on the primacy of the democratic revolution, 'we are not putting (the socialist revolution) off but are taking the first steps towards it'."

'n Volgende karaktereienskap van die NDR is vyandigheid teenoor groepsregte. Alhoewel die *Freedom Charter* se tweede opskrif dit duidelik stel dat "All National Groups Shall Have Equal Rights!", meen Slovo (1988:2): "(t)he racists, of course, exploit 'group rights' and 'multi-nationalism' as a lifeline to their continued domination." Die laaste drie bladsye van die bo-genoemde pamflet word aan groepsregte gewy, met Slovo wat 'n diep wantroue en amper haat teenoor die begrip toon. Onder andere meen hy (Slovo 1988:31): "Apart from other considerations, the racists' own insistence on 'group rights' is undoubtedly linked to the preservation of control over the means of production." Die idee van groepsregte staan dus vir hom in die pad van die rewolusie. Ook vir minderhede se reg op selfbeskikking is daar nie ruimte nie: "In our case multi-nationalism, whether in the form of independent ethnic 'home-lands' or parliaments based on colour-group rights constitutes the main racist recipe for the continuation of national domination by other means." Slovo (1988:33) sluit sy pamflet af met die wekroep: "The winning of the objectives of the national democratic revolution will, in turn, lay the basis for a steady advance in the direction of deepening our national unity on all fronts – economic, political and cultural – and towards a socialist transformation."

Die ideologiese rigting wat die NDR verskaf, is dus duidelik:

I. Dit sal deur fases van demokrasie en sosialisme na kommunisme beweeg. Die verkryging van politieke mag roep die eerste fase in die lewe.
II. Privaateienaarskap is 'n onding, en moet hoe langer hoe meer afgeskaf word, namate die fases ontplooi.
III. Dit sal dus een nasie skep, wat op een breër kultuurgroep sal uitloop.[9]

*2.2.4 Die NDR in 2023*

Vir die doeleindes van hierdie konseptualisering, en vir die sentrale vertrekpunt van hierdie ondersoek, is dit nodig om aan te dui dat die NDR steeds in 2023 die ideologiese kompas vir die ANC is. So 'n aanduiding is eenvoudig, siende dat die party dit nie probeer wegsteek nie. Tydens die opening van die ANC se 55ste Nasionale Kongres op 5 Desember 2022 bevestig President Cyril Ramaphosa: "The resolutions that we will adopt today will have important implications for the direction of the National Democratic Revolution." Die 2022-weergawe van die *Strategy and Tactics*-dokument (ANC 2022) begin met die woorde:

> The 55th National Conference reaffirms that the strategic objective of the ANC is the fundamental transformation of South Africa into a united, non-racial, non-sexist, democratic and prosperous society. This strategic objective derives from the character of the national democratic revolution [...].

’n Derde voorbeeld, wat ook illustreer dat die NDR-beleid nie net die ANC se visie van homself vorm nie, maar ook van die ganse staat, kom voor in President Ramaphosa se toespraak aan die Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) van die ANC, wat op 29 Januarie 2023 plaasgevind het. Hier maak hy duidelik:

> In just over a year from now, our country will be holding national and provincial elections. The ANC will then have to engage in probably the most difficult election campaign that we have fought. The outcome of that election will have profound implications for the direction of the National Democratic Revolution and the future of our country.

*2.2.5 Konseptuele gevolgtrekking rakende die Nasionale Demokratiese Rewolusie*

Wanneer die bogenoemde historiese ontwikkeling, karakterontwikkeling en hedendaagse toepaslikheid van die NDR oorweeg word, is dit duidelik dat die Nasionale Demokratiese Rewolusie beskou kan word as die rigtinggewende ideologie van die ANC-alliansie. Hierdie ideologie berus histories veral op die werk van Vladimir Lenin, en is hoofsaaklik deur Joe Slovo vir die Suid-Afrikaanse konteks aangepas. Dit stel ’n uitgerekte en stadige rewolusie voor, wat nie eindig wanneer die rewolusionêre party politieke mag oorneem nie, maar dit ontplooi verder, konstant onderweg na ’n samelewing waar alle strukture sosialisties en uiteindelik kommunisties georganiseer word. Die NDR poog om absolute sosiale gelykheid te bereik deur demokrasie as instrument op pad na kommunisme aan te wend, deur privaateienaarskap hoe langer hoe meer af te takel, en deur, in die geval van Suid-Afrika, groepsregte so ver moontlik te ondermyn. Alhoewel die ANC-alliansie nie pertinent voorstel dat kleiner kultuurgroepe forseer word om by ’n groter geheel in te val nie, word kultuurgroepe wat hulself ten spyte van die groter geheel wil handhaaf duidelik as problematies uitgewys.

As hierdie gevolgtrekking waar is, en as die argumente wat dit ondersteun aanvaar word, bied dit reeds ’n kommerwekkende voorskou vir latere redenering. Die Suid-Afrikaner sal raaksien dat dit wat hierdie rewolusie wil hê, en dit wat op straat aangaan, duidelik van mekaar verskil. Wat beteken dit vir die toekoms dat die leiers van die land ’n realiteit nastreef wat so ver van die huidige een verwyderd is?

### *2.3 Die Suid-Afrikaanse Grondwet van 1996*

Daar is reeds opgemerk (afd. 2.1.1) dat die gesprekke wat tussen 1990[10] en 1996 met die oog op ’n nuwe Suid-Afrikaanse bedeling gevoer is, as ’n proses van kompromie beskryf kan word. Die 1996-Grondwet sal vervolgens as die resultaat van die kompromie beskou word. Ten einde die ondermyning van hierdie Grondwet later as bydraende faktor tot die kompromie se mislukking te beskou, het hierdie afdeling twee oogmerke: Die ontstaan en ontwikkeling van die 1996 Grondwet moet stip nagevolg word, omdat dit onmoontlik sou wees om dit later met die NDR te vergelyk sonder die historiese konteks. Dit is ook noodsaaklik, dalk selfs meer noodsaaklik, om die karakter of wese van hierdie Grondwet te verstaan, dus: Wat is die grondliggende en fundamentele aard van die 1996-Grondwet, en watter beginsels is in die skryf daarvan as ononderhandelbaar beskou?

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n1b10

*2.3.1 Ontstaan van die 1996-Grondwet*

Regter Albie Sachs, een van die eerste regters van die Suid-Afrikaanse Konstitusionele Hof, bied gedurende 'n 1996-lesing vir studente aan die Universiteit van New York 'n oorsig oor die ontstaan van die 1996-Grondwet. Hierdie lesing is om verskeie redes waardevol: Ten eerste is die proses vir die daarstelling van die Grondwet nog nie afgehandel ten tye van sy lesing nie, dus oordink hy dit nie net nie, hy rapporteer in 'n sekere sin, en soos wat uit sy presiese antwoorde aan studente blyk, is hy in daardie stadium met die fynste besonderhede van die proses vertroud. 'n Tweede is wat Sachs se lesing oor sy eie beskouing en die beskouing van die hof teenoor die Grondwet verklap.

Lede van die aanvanklike onderhandelingsproses, dus voor 27 April 1994, kon volgens die pas ontbande ANC nie 'n finale Grondwet opstel nie, omdat die massas nie 'n mandaat daarvoor gegee het nie (Sachs 1996:671). Die oplossing wat hiervoor ontwikkel is, het behels dat 'n reeks beginsels bepaal is waarvolgens die regerende party na afloop van 'n nasionale verkiesing die finale Grondwet van Suid-Afrika sou opstel (672). Die nuwe Konstitusionele Hof sou toesien dat die uiteindelike Grondwet nie van hierdie beginsels afwyk nie. 'n Lys van 33 beginsels is opgestel, met 'n 34ste oor selfbeskikking wat in 1994 bygevoeg is.

Hierdie beginsels is na afloop van die 1994-verkiesing in Suid-Afrika as wegspringpunt geneem vir die konseptualisering en ontwikkeling van die daaropvolgende Grondwet, wat uiteindelik op 8 Maart 1996 aangeneem is, en wysigings tot en met 11 Oktober 1996 ondergaan het, onder leiding van die Grondwetlike Vergadering (Sachs 1996:673; Suid-Afrika 1996:1). Die uiteindelike aard van die Grondwet toon duidelik dat daar verskillende belange ter sprake was, soos wat die uiteenlopende ideologiese invloede aandui.

*2.3.2 Die norme en waardes van die 1996-Grondwet*

Dit sou 'n oorvereenvoudiging wees om die 1996-Grondwet eenvoudig as liberaal of sosialisties te probeer beskryf. Dit verklaar sigself nie as liberaal nie, maar word met reg 'n liberale grondwet genoem (Dube 2020; Ackermann 2012), omdat dit aan verskeie kenmerke van die liberaal-demokratiese tradisie voldoen. Onder andere beteken dit dat hierdie grondwet die beskerming van individuele regte voorop stel, die skeiding van magte voorskryf, die oppergesag van die reg beveel, gereelde verkiesings vereis, en burgers se eiendom teen arbitrêre onteiening beskerm. 'n Goeie voorbeeld is artikel 25 (1) wat lui: "Niemand mag eiendom ontneem word nie behalwe ingevolge 'n algemeen geldende regsvoorskrif, en geen regsvoorskrif mag arbitrêre ontneming van eiendom veroorloof nie."

Daar is benewens hierdie liberale regte ook heelwat ruimte vir die staat om daadwerklik by die dag-tot-dag lewens van burgers in te gryp, 'n kenmerk meer tipies van 'n meer sosialisties-georiënteerde grondwet. 'n Voorbeeld hiervan is artikel 9(2), wat lui: "Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in. Ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van persone, of kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is." Grondwette onder die invloed van sosialistiese invloede sal ook eksplisiet die regte van werkers om te staak definieer en uitstip, soos wat in artikel 23 van die Grondwet (Suid-Afrika 1996) vervat is: "23. (1) Elkeen het die reg op billike arbeidspraktyke. (2) Elke werker het die reg om– (a) 'n vakbond te stig en daarby aan te sluit; (b) aan die bedrywighede en programme van 'n vakbond deel te neem; en (c) te staak."

Die sentrale waardes van ’n grondwet word dikwels as so belangrik beskou dat dit amper as onaantasbaar gesien word. Oor hoofstuk twee van die 1996-Grondwet, alombekend as die *Handves van Regte*, verklaar Sachs (1996:677) dat dit diep ingegrawe (“entrenched”) moet wees, so diep dat ’n twee-derde meerderheid dit nie sou kon wysig nie. Om ten volle uit te druk hoe belangrik hiérdie hoofstuk vir Sachs (1996:678) is, moet hy self aan die woord kom:

> The Bill of Rights is so important and is meant to be so enduring, unlike the structures of government that you can adapt and modify in the light of experience with relative ease, that something more was required than just a two-thirds majority.

Die norme en waardes van die 1996-Grondwet moet “volhoubaar” wees, daarom ook rigied, en nie maklik wysigbaar nie. Malan (2019:48, 59) dui aan dat daar by sommiges ’n oortuiging heers dat die Grondwet oppermagtig is juis omdat dit self oppermagtigheid verklaar; omdat dit eis om ingegrawe te wees; en omdat dit beloof om op sigself ’n helder toekoms daar te stel – sy kritiek hierop word in die volgende afdeling behandel.

Dat hierdie oortuiging van ’n oppermagtige 1996-Grondwet ten minste onder heelwat lede van die NP aan die ander kant van die onderhandelingstafel geheers het, bevestig Barnard (2017:277) as hy dit stel dat daar onder hulle ’n “obsessie en kinderlike vertroue in die magiese vermoë van die ‘regstaatmodel’ ontwikkel” het. Hy (2017:277) gaan verder en verklaar dat heelwat geglo het dat daar “vir tyd en ewigheid” beskerming teen allerlei vergrype en diskriminasie ingebou sou kon word, wat beskerming vir minderhede sou verseker. Hierdie persoonlike indruk uit die binnekamers van die onderhandelingsproses stel dit bo alle twyfel dat daar aan die kant van die NP ’n oortuiging was dat die ANC nie meer die NDR gaan navolg nie, en dat dit wat in hierdie 1996-Grondwet vasgevang is, nou vir ewig deur beide kante gerespekteer sou word.

*2.3.3 Konseptuele sintese van die 1996-Grondwet*

Samevattend kan hier gestel word dat die 1996-Grondwet die resultaat van ’n formele veelpartykompromieproses was, en dat dit berus op 34 beginsels waartoe daar vooraf ingestem is. Die Grondwet bevat beide liberale en sosiale trekke, in so ’n mate dat die Grondwet nie eksplisiet liberaal of sosialisties genoem kan word nie.

## 3. Oorskatting van die 1996-Grondwet se veronderstelde oppergesag

In die opmerkings van Sachs én Barnard kom die oortuiging van die oppergesag van die 1996-Grondwet na vore. Dié dokument eis sodanige oppergesag ook op deur in artikel 2 te verklaar: “Hierdie Grondwet is die hoogste reg van die Republiek; enige regsvoorskrif of optrede daarmee onbestaanbaar, is ongeldig, en die verpligtinge daardeur opgelê, moet nagekom word.”

Kritiek is op hierdie aanname van oppergesag gelewer deur Malan, hoofsaaklik in die 2019-boek *There is no supreme constitution*, waarna reeds verwys is (afd. 2.3). Alhoewel hierdie artikel eerder na die mislukte kompromie van 1990 en 1996 wil kyk, speel die 1996-Grondwet so ’n sentrale rol in hierdie kompromie dat deeglik van Malan se kritiek kennis geneem moet word. Ten minste drie van sy argumente is duidelik van toepassing: die opkoms van konstitusionalisme, die misleidende aard van konstitusionalisme, en die feilbaarheid van die Grondwet.

Alhoewel konstitusionalisme die nastreef van reg en geregtigheid as wegspringpunt het (Malan 2019:11), het staatse individualistiese konstitusionalisme ("statist-individualist constitutionalism") na vore getree sedert die aanvaarding van die huidige Grondwet (58), wat behels dat dit primêr op individuele regte fokus, wat beskerm word deur 'n sterk staat. Hierdie konstitusionalisme is meer as net ondersteuning van die Grondwet, dit het 'n doktrine geword as gevolg van die Grondwet se eie "evangeliese" taalgebruik, wat profesieë oor die land se toekoms uitspreek (58). Die effek van hierdie konstitusionalisme is dat gewone formulerings van wette deur baie as onaanvegbare gebooie beskou word, wat vas en onveranderlik is (59). Die probleem met so 'n konstitusionalisme is dat dit inherent misleidend is.

Malan (66) dui aan dat wette, insluitend 'n grondwet, kan verval of vervang kan word, en dat die idee van die "oppergesag" van die geskrewe Grondwet in wese nie waar is nie. 'n Grondwet is dus slegs van tydelike waarde indien dit ondermyn word. Sosiopolitieke magte is konstant aan die werk om die werklike grondwet, dikwels die ongeskrewe aanvaarding van wat regverdig is en wat nie, te verander. Die uitdaging wat hierdie staatse individualistiese konstitusionalisme dan in der waarheid vir die goedgelowige burger tot gevolg het, is dat die Grondwet dikwels met gelowige taalgebruik die idee by die leser en landsburger skep dat hierdie Grondwet op sigself stabiel en oppermagtig is (67), terwyl dit nie is nie.

Malan (112) vertrek vanuit die posisie dat die "werklike konstitusie", dus die ongeskrewe aanvaarding van wat reg is, dikwels verander, alhoewel daar nie 'n aanpassing aan die fisiese teks van die Grondwet van Suid-Afrika gemaak word nie, met etlike voorbeelde wat genoem word. 'n Tersaaklike voorbeeld volgens Malan (112) is die benadering tot taal, met die Grondwet wat veeltaligheid propageer, wat inderwaarheid hoe langer hoe meer deur 'n enkelmedium- Engelse taalbedeling vervang word. Punt ses van hoofstuk een van die Grondwet van Suid-Afrika reguleer tale in die Republiek (112), en hier word dit duidelik gestel dat die Grondwet hierdie tale beskerm en bevorder. In werklikheid het die heersende ANC eentaligheid die realiteit gemaak, met Afrikaans wat in skole en universiteite onder konstante druk kom, ten spyte van skynbare beskerming deur die Grondwet (129).

### *3.1 Toenemende spanning tussen die NDR en die 1996-Grondwet*

Malan bied wat Stoker (1969:43) dalk veronderstellingskritiek sou noem, en dui ten diepste aan dat die veronderstelling van 'n oppermagtige grondwet foutief is, en derhalwe dat 'n blinde vertroue op so 'n grondwet se mag misplaas is. Sodanige kritiek se geldigheid word ten volle toegegee. Hierdie artikel wil egter bepaal of die daargestelde kompromie, waarvan die Grondwet net 'n onderdeel is, misluk het, al dan nie. Malan se argument dat sosio-ekonomiese magte die 1996-Grondwet kan ondermyn word eweneens toegegee. Hierdie artikel wil op sy werk voortbou en die ontstaan van hierdie sosio-ekonomiese magte binne 'n spanning tussen twee ideologieë uitwys en omskryf.

Malan se voorbeeld van die enkelmedium- Engelse taalbedeling bevestig dat hulle wat op die Grondwet vertrou het 'n verkeerde veronderstelling gemaak het. Hierdie artikel neem dit verder deur aan te dui dat toegewings met betrekking tot groepsregte, waarop 'n taalbedeling noodwendig geskoei is, in die eerste plek tydelik was, juis weens die onversoenbaarheid tussen die ANC-alliansie se werklike strewes en hul tydelike toegewings, soos dit in die 34 beginsels van 1993 en derhalwe in die 1996-Grondwet vervat is. Die afdeling wat hierop volg sal hierdie onversoenbaarheid uitwys.

### *3.2 Die 34 beginsels en die NDR*

Wanneer die 34 beginsels waarop die 1996-Grondwet gebaseer is, oorweeg word – en veral dié wat aandring op demokrasie (I), veelparty- demokratiese deelname (VIII), selfbeskikking (XII, XXXIV), en ’n onafhanklike Reserwebank – kan dit voorkom asof die ANC-alliansie die NDR se beginsels laat vaar het.

Beginsels wat hier van belang is, sluit onder andere in:

> I The Constitution of South Africa shall provide for the establishment of one sovereign state, a common South African citizenship and a democratic system of government committed to achieving equality between men and women and people of all races.
>
> VIII There shall be representative government embracing multi-party democracy, regular elections, universal adult suffrage, a common voters’ roll, and, in general, proportional representation.
>
> XII Collective rights of self-determination in forming, joining and maintaining organs of civil society, including linguistic, cultural and religious associations, shall, on the basis of non-discrimination and free association, be recognised and protected. (O’Malley s.j.)

Hierdie drie beginsels gaan ooglopend teen die uiteindelike doel van die NDR in, in die sin dat beginsels I en VIII ’n demokrasie voorskryf, terwyl XII sonder twyfel ruimte vir groepsregte daarstel.

### *3.3 Strategiese toegewings*

Dit is te verstane dat iemand wat hierdie beginsels gelees het logies kon aflei dat die ANC op ’n fundamentele vlak van rewolusionêre strewes af wegbeweeg het. So ’n afleiding sou egter vergeet dat tydelike toegewings en ’n veranderende magsbalans deel van rewolusionêre metodologie is, en dat sulke strategiese toegewings voorgeskryf word, mits dit in diens van die rewolusie staan. Slovo (1988:33) waarsku selfs voordat onderhandelinge begin dat sulke toegewings moontlik gemaak sal moet word. Hy skryf: “We cannot, at this stage, allow ourselves to be diverted by speculation about future justifiable compromises in the interests of revolutionary advance.”

Die rewolusionêre idee dat kompromie soms strategies aangegaan word totdat die magsbalans verander het, kom hier direk in teenstelling met die idee van ’n heelhartige kompromie (afd. 2.1), geskoei op wederkerige erkenning en respek, juis omdat die rewolusionêre ideologie beveel dat die kompromie tydelik is, en daar spoedig na die oorspronklike strewes teruggekeer sal word, terwyl die heelhartige kompromie aanneem dat daar in goeder trou van die rewolusionêre posisie afstand gedoen is.

In een van hul eerste strategiese dokumente na die aanvaarding van die 1996-Grondwet, die 1997-weergawe van *Strategy and Tactics*, bevestig die ANC (1997:4) se intelligentsia dit in soveel woorde:

> Negotiations however entailed compromises on the path to be followed to the final objective. This was influenced by the prevailing balance of forces. In the first instance, at the beginning of negotiations, neither the liberation movement nor the forces of apartheid had emerged as an outright victor.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n1b10

Die ANC, in daardie stadium nuut aan bewind, verklaar dadelik dat die finale doelwit nog nie bereik is nie.

Rondom hierdie punt draai die sentrale vraag van hierdie ondersoek, want hierdie ideologieë is onderling uitsluitend. Dit is onmoontlik om tegelykertyd verdeling van mag en sentralisering van mag na te jaag. Dit is eweneens onmoontlik om selfbeskikking na te jaag en groepsregte te probeer uitwis. Derdens is dit onmoontlik om terselfdertyd alle nasionale produksiefaktore in die hande van die staat te plaas en privaat eiendom te respekteer.

### *3.3.1 Die ANC kies: NDR of 1996-Grondwet*

Die enigste manier om bo twyfel en sonder vooroordeel te bepaal watter rigtinggewende dokument tussen die NDR en die 1996-Grondwet vir die ANC die grootste waarde het, is om hul optrede na te gaan wanneer die twee direk teen mekaar te staan gekom het.[11]

#### 3.3.1.1 Artikel 25: Onteiening sonder vergoeding

Artikel 25 (1) van die 1996-Grondwet verklaar: "Niemand mag eiendom ontneem word nie behalwe ingevolge 'n algemeen geldende regsvoorskrif, en geen regsvoorskrif mag arbitrêre ontneming van eiendom veroorloof nie." In hierdie bepaling word die reg op die private besit van eiendom verklaar en beskerm. Later in hierdie artikel word verduidelik dat enige onteiening gepaard sal gaan met "vergoeding waarvan die bedrag en die tyd en wyse van betaling óf deur diegene wat geraak word aanvaar is óf deur 'n hof bepaal of goedgekeur is". Die erkenning en beskerming van die reg op private besit van eiendom in die *Handves* staan in direkte teenstelling met die *Freedom Charter* van 1955 en Matthews se verklaring daarvan in 1969 (afd. 2.2.3) wat vir die afskaffing van sodanige reg agiteer.

Tydens sy eerste Staatsrede, wat op 16 Februarie 2018 voor die Nasionale Vergadering gelewer is, verklaar President Cyril Ramaphosa: "We will pursue a comprehensive approach that makes effective use of all the mechanisms at our disposal. Guided by the resolutions of the 54th National Conference of the governing party, this approach will include the expropriation of land without compensation." Ramaphosa stel dit dus duidelik dat die Grondwet in hierdie verband onderhewig is aan die ideologie van die party, eerder as dat die party aan die Grondwet onderhewig is.

#### 3.3.1.2 Artikel 224: 'n Onafhanklike Reserwebank

As die latere fases van die NDR voorskryf dat produksiefaktore in die hande van die party moet beland, staan 'n onafhanklike Reserwebank reëlreg teenoor die doelwitte van die rewolusie, wat kapitaal, en dus alle finansiële instrumente, wil nasionaliseer. Die 1996-Grondwet roep in artikel 223 'n Reserwebank (SARB) in die lewe, met artikel 224 (b) wat die onafhanklikheid daarvan voorskryf. Alhoewel Gwede Mantashe, in daardie stadium voorsitter van die ANC, reeds in 2010 vir die nasionalisering van die SARB gevra het (De Vos 2010), is hierdie kwessie eers werklik onder die Ramaphosa-administrasie na vore gebring as brandpunt vir die ANC. Na afloop van 'n beleidskongres in Julie 2022 stel Ramaphosa (Haffajee 2022) die party se benadering, naamlik dat hulle: "reaffirmed again the resolution that the bank should be fully owned by the people of South Africa".

3.3.1.3 Artikel 29: Onderwys en onderwystaal

Min artikels van die 1996-Grondwet is oor die afgelope twee dekades so prominent in die volksmond soos artikel 29, en dan veral in subartikels 2 en 3, wat onderskeidelik verklaar: "(2) Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is; (3) Elkeen het die reg om op eie koste onafhanklike onderwysinstellings tot stand te bring en in stand te hou wat – (a) nie op grond van ras diskrimineer nie; [...]."

Alhoewel daar in die NDR duidelike vyandigheid teenoor groepsregte is (Slovo 1988:30), is artikel 29 gesien as 'n waarborg vir veeltalige onderwys en opleiding. Sou alle staatsuniversiteite mettertyd verengels, wat in 1996 vir baie 'n ondenkbare idee was, dan is daar die agterdeur van eie, private Afrikaanse instellings. Teen 2019 het Afrikaans se teenwoordigheid aan openbare universiteite so gedaal dat Minister Blade Nzimande (Van Diemen 2019) op 10 Oktober in die Nasionale Vergadering kon verklaar:

> [W]ithin the South African context, universities have developed language policies in line with the policy on languages in higher education and have moved away from Afrikaans-only language institutions/campuses toward utilising English as the main language of instruction and at the same time fostering multilingual environments that include a range of other languages in terms of, for example, campus signage, social usage and formal usage at university arranged events.

Afrikaans en alle ander amptelike tale behalwe Engels is na Nzimande se mening nie meer geskik om in lesinglokale van openbare universiteite aangewend te word nie.

Die alternatief vir Afrikaanse hoër onderwys, naamlik private instellings wat nie op grond van ras diskrimineer nie, is egter ook nie vir Nzimande aanvaarbaar nie. Tydens dieselfde Nasionale Vergadering-sessie waaruit hier bo aangehaal is, verklaar Nzimande (Van Diemen 2019): "An institution may implement a language policy that allows for dual mediums of instruction in terms of the policy. However, they may not implement policy that results in language being a barrier to access and success for students." Nzimande, die hoogste beampte verantwoordelik vir die navolging van artikel 29 van die Grondwet, is in sy eie woorde dit nie eens met die artikel nie.

### *3.4 Verslaan? Gevolgtrekking by hierdie afdeling*

In hierdie afdeling is aangetoon dat die NDR soms tydelike toegewings kan maak, sonder om die uiteindelike doel uit die oog te verloor. Die rol van die ANC, soos gelei deur die NDR, word dan dié van 'n voorhoede- ("vanguard") party, 'n party wat eerder poog om die rewolusie te bevorder as om die rol van 'n regering te speel, wanneer die twee teenoor mekaar staan. Deur na praktiese voorbeelde te verwys, is aangetoon dat die ooreengekome beginsels van die kompromie, en die Grondwet waarop dit uitgeloop het, dikwels verlaat is sodra dit in konflik met die strewes van die rewolusie gekom het. Die geskiedenis sal wel wys dat nie alle rewolusionêre strewes suksesvol was nie, maar die mislukking daarvan is eerder aan openbare of politieke weerstand toe te skryf as dat die ANC-alliansie werklik sy rewolusionêre ideologie laat vaar het.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n1b10

## 4. Ten slotte: ’n Verrotte kompromie

Ten einde ’n meestal vreedsame oorgang van die sisteem van apartheid na ’n demokratiese Suid-Afrika te maak, is daar gedurende ’n proses van onderhandeling wat dit vooraf gegaan het ’n kompromie bereik. Hierdie kompromie het die vorm van ’n lys beginsels aangeneem – waardestellings waarop ooreengekom is. Die beginsels waarop daar tydens hierdie kompromie ooreengestem is, het die fondament geword waarop orde in ’n demokratiese Suid-Afrika gebou sou word. Die sentrale vraag waarmee hierdie artikel worstel, is die toestand van die politieke kompromie, en dus by uitstek die toestand van hierdie beginsels in die Suid-Afrikaanse politieke arena. Die aanname wat getoets is, is dat die ANC-alliansie in die eerste plek deur die Nasionale Demokratiese Rewolusie-idee gelei word, en dat die beginsels waaroor daar instemming was, versaak word as dit in spanning met die NDR kom. Deur die ontwikkeling en karakter van sowel die NDR as die 1996-Grondwet te ondersoek, kon voorbeelde van inherente spanning uitgewys word. Daar is verder aangetoon dat die ANC-alliansie in die geval van sulke spanning die NDR bo die beginsels van kompromie, soos in die Grondwet vervat, as rigtinggewend aanvaar.

Hierdie slotsom moet noodwendig kommerwekkend wees, omdat dit met ander woorde beteken dat orde grotendeels op ’n Grondwet berus wat nie die primêre rigsnoer van diegene is wat dit moet implementeer nie. Die gevolgtrekking van hierdie artikel is dat die integriteit van die kompromie fundamenteel gekwets is, juis omdat die waardes wat as spilpunt van die kompromie moet dien gedurig, soos aangetoon is, die onderspit delf teen ander waardes, waardes wat rewolusionêr met die samelewing omgaan, en die regeringsmeganismes inspan ten einde hierdie rewolusionêre waardes op die staat af te stempel.

## Bibliografie


Ackermann, L.W.H. 2012. *Human dignity: Lodestar for equality in South Africa*. 1ste uitgawe. Kaapstad: Juta.

ANC. 1969a. *Strategy and Tactics*. https://www.anc1912.org.za/national-consultative-conference_1969 (2 Junie 2023 geraadpleeg).

—. 1969b. *The Freedom Charter revolutionary programme of the ANC*. https://www.anc1912.org.za/national-consultative-conference-1969-the-freedom-charter-revolutionary-programme-of-the-anc (2 Junie 2023 geraadpleeg).

—. 1979. *The Green Book*: Report of the Politico-Military Strategy Commission to the ANC National Executive Committee. Augustus. Getranskribeer deur P. Jordan. https://www.marxists.org/subject/africa/anc/1979/green-book.htm (1 September 2023 geraadpleeg).

—. 1991. CODESA: Declaration of intent. https://www.anc1912.org.za/declarations-1991-codesa-declaration-of-intent (1 September 2023 geraadpleeg).

Anoniem. 2019. Why a new Afrikaans-only university is a bad idea: Lesufi. *Businesstech*, 23 September. https://businesstech.co.za/news/government/342539/why-a-new-afrikaans-only-university-is-a-bad-idea-lesufi (1 September 2023 geraadpleeg).

Aristoteles. 1926. *Nichomachean Ethics*. Vertaal uit Grieks in Engels deur W.D. Ross. Oxford: Clarendon Uitgewers. Internet Classics Archive. http://classics.mit.edu/Aristotle/nicomachaen.2.ii.html (23 Mei 2022 geraadpleeg).

—. 1928. *Politics*. Vertaal uit Grieks in Engels deur W. Ellis. Londen en Toronto: J.M. Dent & Sons Ltd.

Barnard, N. 2017. *Vreedsame rewolusie: Uit die enjinkamer van die onderhandelinge*. Kaapstad: Tafelberg.

Battersby, J. 1993. A historic compromise for South Africa. *The Christian Science Monitor*, 22 Februarie. https://www.csmonitor.com/1993/0222/22061.html (1 September 2023 geraadpleeg).

Baume, S. 2017. What place should compromise be given in democracy? A reflection on Hans Kelsen's contribution. *Négociations*, 1(27):73–89.

Baume, S. en S. Novak (reds.). 2020. *Compromises in democracy*. (Palgrave Studies in Compromise after Conflict). Londen: Palgrave MacMillan.

Bellamy, R., M. Kornprobst en C. Reh. 2012. Introduction: Meeting in the middle. *Government and Opposition*, 47(3):275–95.

Bellamy, R. en C. Reh. 2012. Politics as compromise: special issue. *Government and Opposition*, 47(3):275–95.

Burke, E. 1887. *The works of the right honourable Edmund Burke*. Vol. 4. 1ste uitgawe. Londen: John C. Nimmo.

Carens, J.H. 1979. Compromises in politics. *Nomos*, 21:123–41.

Cohen-Almagor, R. 2006. On compromise and coercion. *Ration Juris*, 19(4):434–55.

Cox, T. 2022. South Africa's ANC reaffirms commitment to nationalising central bank. *Reuters*, 31 Junie. https://www.reuters.com/world/africa/safricas-anc-reaffirms-commitment-nationalising-central-bank-president-2022-07-31 (20 Junie 2023 geraadpleeg).

De Vos, P. 2010. *Constitutionally speaking: Nationalisation of the Reserve Bank?* https://constitutionallyspeaking.co.za/nationalisation-of-the-reserve-bank (24 Junie 2022 geraadpleeg).

Departement van Onderwys. 2005. *Final freedom charter*. Pretoria: Staatsdrukkery.

Du Toit, P. 2009. *Suid-Afrika en die saak vir 'n opvolgskikking*. Lesing aangebied op 28 Augustus te Solidariteit in Pretoria. https://docplayer.net/82363396-Suid-afrika-en-die-saak-vir-n-opvolg-skikking.html (13 Junie 2023 geraadpleeg).

Dube, F. 2020. The South African Constitution as an instrument of doing what is just, right and fair. *In die Skriflig*, 54(1), a2601. https://doi.org/10.4102/ids.v54i1.2601.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n1b10


Duvenhage, A. 2005. Politieke transformasie – ’n konseptuele oriëntering en Suid-Afrikaanse toepassing. *Acta Academica*, 37(3):1–40.

—. 2009. Die ANC en die nasionale demokratiese rewolusie: Polities strategiese perspektiewe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, (4):705–27.

—. 2023. Sal die Suid-Afrikaanse konstitusionele demokrasie die huidige krisis wat die bestel in die gesig staar oorleef? *LitNet Akademies*, 20(1):116–48. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2023/05/LitNet_Akademies_j20n1b5_Duvenhage.pdf.

Evans, M. 2017. *Speeches that shaped South Africa*. Kaapstad: Penguin Random House.

Golding, M.P. 1979. The nature of compromise: A preliminary inquiry. *Nomos*, 21:3–25.

Haffajee, F. 2022. Step-aside rule remains but ANC renews push for SA Reserve Bank nationalisation. *Daily Maverick*, 31 Julie. (1 September 2023 geraadpleeg).

Hamilton, L. 2014. Elite compromise. Are South Africans free? https://www.bloomsburycollections.com/monograph-detail?docid=b-9781472593054&tocid=b-9781472593054-chapter-004 (1 September 2023 geraadpleeg).

Heywood, A. 2013. *Politics*. 4de uitgawe. New York: Palgrave.

Huntington, S.P. 1968. *Political order in changing societies*. Londen: Yale University Press.

Jeffery, A. 2009. *People’s war*. Jeppestown: Jonathan Ball Publishers.

Lenin, V.I. 1962. *Lenin Collected Works*. Volume 9. Vertaal uit Russies deur B.A. Fineburg en J. Katzer. Moskou: Progress Publishers.

—. 1965a. *Lenin Collected Works*. Volume 11. Vertaal uit Russies deur B.A. Fineburg en J. Katzer. Moskou: Progress Publishers.

—. 1965b. *Lenin Collected Works*. Volume 31. Vertaal uit Russies deur B.A. Fineburg en J. Katzer. Moskou: Progress Publishers.

Malan, K. 2019. *There is no supreme constitution*. 1ste uitgawe. Stellenbosch: African Sun Media.

Margalit, A. 2009. *On compromise and rotten compromises*. 1ste uitgawe. Princeton: Princeton University Press.

Marsh, D. en G. Stoker. 2010. *Theory and methods in political science*. 3de uitgawe. Londen: Palgrave Macmillan.

O’Malley, P. s.j. Schedule 4 – Constitutional Principles. O’Malley Archive. https://omalley.nelsonmandela.org/index.php/site/q/03lv02039/04lv02046/05lv02047/06lv02065/07lv02084/08lv02088.htm (1 Junie 2023 geraadpleeg).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n1b10

Ramaphosa, C.R. 2018. State of the nation address. https://www.gov.za/speeches/president-cyril-ramaphosa-2018-state-nation-address-16-feb-2018-0000 (10 Mei 2022 geraadpleeg).

Ricoeur, P. 2005. *The course of recognition*. Vertaal deur D. Pellauer. Londen: Harvard University Press.

Rouméas, É. 2021. The procedural value of compromise. *Social Theory and Practice*. https://core.ac.uk/download/pdf/345433768.pdf.

Sachs, A. 1996. The creation of South Africa's constitution. *New York Law School Law Review*, 41(2):669–702.

Scruton, R. 2007. *The Palgrave Macmillan dictionary of political thought*. Londen: Palgrave Publishers.

Shapiro, I. 2019. Yale Courses: Introduction to power and politics in today's world. YouTube: YaleCourses. https://www.youtube.com/watch?v=BDqvzFY72mg (7 Februarie 2022 geraadpleeg).

Slovo, J. 1988. *The South African working class and the National Democratic Revolution. Umsebenzi Discussion Pamphlet*. Londen: SACP.

Suid-Afrika. 1996. *Die GRONDWET van die Republiek van Suid-Afrika, 1996*: Soos op 8 Maart 1996 aangeneem en op 11 Oktober 1996 gewysig deur die Grondwetlike Vergadering. Pretoria: Staatsdrukker.

Van Diemen, E. 2019. SA has "moved away from Afrikaans-only language institutions/campuses" – Nzimande. *News24*. https://www.news24.com/news24/sa-has-moved-away-from-afrikaans-only-language-institutionscampuses-nzimande-20191010 (20 Junie 2023 geraadpleeg).

## Eindnotas

[1] Die aanvanklike weergawe van hierdie artikel is geskryf as 'n deel van die vereistes om die B.SocSci PFE-graad by Akademia te behaal.

[2] Vergelyk byvoorbeeld Plato se *Symposium,* waar Sokrates verduidelik dat filosofie 'n begeerte na wysheid is, met wysheid wat beskou kan word as kennis van die geheel. Vir Aristoteles is politiek eerder 'n begeerte na begrip van die geheel, dus 'n meer toepaslike kennis wat met veranderende omstandighede werk, en harmonie onder veranderende omstandighede probeer bewerkstellig.

[3] Die woord *mittere* het heelwat moontlike betekenisse, en sou ook as "om weg te stuur" of "om te laat gaan" vertaal kon word.

[4] Sien byvoorbeeld Rouméas (2020); Cohen-Almagor (2006).

[5] *Panacea* of *panasee* is 'n allesoorkoepelende oplossing.

[6] Natuurlik speel Marx en Lenin ook by die PAC, die EFF, en heelwat ander bewegings ’n leidende rol, maar die fokus van hierdie artikel is spesifiek die NDR, daarom word op die ANC-alliansie, wat die SAKP insluit, gefokus.

[7] Alle vetdruk is vir die doeleindes van hierdie artikel aangebring, en is nie in die oorspronklike so uitgelig nie.

[8] Die *Green Book* is tydens ’n vergadering in Luanda voorgehou en aanvaar.

[9] Dit is opmerklik dat Slovo in dieselfde artikel erken dat ’n federale benadering in die Sowjet-Unie gewerk het omdat diverse kultuurgroepe betrokke was by die rewolusie, maar vir Suid-Afrika, waar kulture duidelik meer divers was, sien hy dit nie as werkbaar nie. Sy enigste verdediging vir hierdie siening is die bogenoemde vrees dat dit op verdere oorheersing sou uitloop.

[10] Barnard (2017) dui aan dat gesprekke agter geslote deure reeds in 1988 begin het, maar vir die doeleindes van die ontwikkeling van die Grondwet word 1990 as vertrekpunt geneem, soos dit ook by Sachs (1997) die geval is.

[11] Hier gaan dit dus nie om vreemde interpretasies van die Grondwet nie, maar eksplisiet oor plekke waar die Grondwet en NDR van mekaar verskil.